# MY SIEL DORS



"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, O God. My siel dors na God, na die lewende God." (Ps. 42:2,3).

Hierdie woorde van die Psalmis het op elke mens betrekking. God het ons gemaak – gees, siel en liggaam. Net soos wat ons liggaam voedsel en drank nodig het, so dors ons siele na God, die lewende God. Indien ons die liggaam nie voedsel of drank gee nie, sal dit sterf, en as ons dit nie die regte voedsel of drank gee nie, sal dit siek word. Dieselfde geld vir ons siele, want die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord van God. Jesus het gesê: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo sal nooit dors kry nie. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee." (Joh. 6:33,35). "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid." (Joh. 6:47,48,51.

Jesus het aan 'n Samaritaanse vrou gesê dat as sy die gawe van God geken het, sy Hom sou gevra het en Hy sou vir haar die lewende water gegee het om te drink. Hy het haar ook vertel dat elkeen wat drink van die water wat Hy gee, in ewigheid nooit dors sal kry nie, maar die water wat Hy gee sal word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. (Joh. 4:10-14).

Jesus, die Woord van God wat vlees geword het en onder ons gewoon het, is die enigste lewende brood wat bevredig en die enigste Een wat lewende water gee om die sieledors te les. Niks anders in hierdie wêreld kan die ewige lewe gee en vir ewig tevrede stel nie. Geen geld, plesier, vrouens, mans, roem, eer, drank, dans, tabak, verdowingsmiddels, of enigiets anders kan tevrede stel of die dors van ons onsterflike siele les nie. Die ryk man waarvan Jesus gepraat het, het al hierdie dinge gehad, maar toe hy in die verderf beland, het hy die ewige dors gely. Hy het verlang dat Lazarus sy vinger in die water moes doop en dit op sy brandende tong moes plaas, want hy was gepynig in die vlamme van die hel – maar Lazarus kon hom nie help nie.

O my vriend, staak dit om jou siel te probeer voed op die leë dinge van die wêreld. Hulle verlei jou. Hulle gee voor om jou tevrede te stel maar laat jou meer honger en dors as voorheen.

"En soos 'n hongerige droom dat hy eet, maar hy word wakker en sy siel is leeg; en soos 'n dorstige droom dat hy drink, maar hy word wakker en hy is moeg en sy siel versmag ..." (Jes. 29:8). As jy nie jou siel met die brood van die ewige lewe voed nie en dit nie te drink gee van die water van die lewe in Christus Jesus nie, sal dit sterf. Die plesier van sonde is nie voedsel vir die siel nie. God het ons geskape en het die mens 'n lewende siel gemaak. Dit is net God wat die dors van ons siele kan les. Ons siele roep tot God, die lewende God, vir tevredenheid. Indien ons nie ons siele toelaat om tevredenheid te vind nie, sal ons vergaan en ewig dors ly en honger hê in die ewig-brandende vlamme van die hel.

Jesus het van die hemel gekom om ons siele met Homself, die lewende brood, te voed en die sieledors te les met die lewende water. Net soos wat jy die natuurlike brood eet en dit in jou liggaam opneem, so moet jy Jesus in jou hart inneem en die Heilige Gees wat Jesus in die wêreld gestuur het, indrink om 'n fontein van lewe binne in jou

te laat ontstaan; om jou te verlig en te versterk en in die volle waarheid te lei.

Jesus het gesê: "Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en ek sal hom opwek in die laaste dag. Want my vlees is waarlik spys en my bloed is waarlik drank. Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My, en Ek in hom. Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het, wie herdie brood eet sal **tot in ewigheid** lewe." (Joh. 6:54-58.

Ontvang Jesus, die gawe van God nou, die Een wat die hongerige siel **ten volle** bevredig.

# Die Eerste Sport na die Hemel

God het ons 'n onfeilbare pad gegee wat na die hemel lei. Ons moet die pad bewandel wat God vir ons voorsien het. Die leer wat hemelwaarts lei het baie sporte. Ons meld een van die hoof sporte: Die eerste sport tot God is "Bekering van Sonde". Johannes die Doper het geleer en gesê: "**BEKEER** julle, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom." (Matt. 3:2). Die apostels het aan die mense gesê: "**BEKEER** julle en laat elkeen van julle gedoop word." (Hand. 2:38). "Kom dan tot inkeer en **BEKEER** julle, sodat julle sondes uitgewis kan word." "**BEKEER** jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word." "God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet **BEKEER**." (Hand. 3:19; 8:22; 17:30). Aan die afvallige kerke het Jesus, die hoof van die Kerk gesê: "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het en **BEKEER** jou. **BEKEER** jou, anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog maak met die swaard van my mond. Almal wat Ek lief het, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en **BEKEER** jou." (Openb. 2:5,16).

**BEKERING** beteken terugkering tot God, deur die ou sondigheid en ydelheid van die wêreld te verlaat, om Jesus te volg en die wil van God te doen. (Hand. 11:21, 14:15; 17:30). Bekering is 'n saak vir alle sondaars sowel as alle Christene by naam wat in sonde lewe en geestelik dood is. Laat diegene hulle van hul sondes bekeer. (2 Kor. 12:21).

**BEKERING** maak dat 'n persoon die sonde verlaat; afgode, toordery, dronkenskap, hoerery, diefstal, die vertel van leuens en alle bose gewoontes vaarwel toeroep. "Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie." (Eseg. 18:30-32).

**BEKERING** is die toegang tot volle redding. (Matt. 3:2; Hand. 2:37,38).
**BEKERING** is Goddelike berou oor sonde. (Matt. 26:75; 2 Kor. 7:10).
**BEKERING** is om jou rug op die sonde te keer. (Job. 34:32).
**BEKERING** is belydenis van sonde. (Luk. 15:21).
**BEKERING** is volle oorgawe tot God. (Hand. 9:6).
**BEKERING** is om skade te vergoed. (Luk. 19:8).

Die Heilige Gees oortuig van sonde en help 'n persoon om tot bekering te kom. (John. 16:8).

## Sommige wat hul bekeer het

Koning Dawid het hom bekeer en vergifnis ontvang. (Ps. 51:1-11). Daniël het namens sy mense hom bekeer en God het hom verhoor. (Dan. 9:3-11). Die koning en die inwoners van Ninevé het hulle bekeer en die stad is gered. (Jona 3:5-10). Die verlore seun het tot inkeer gekom en is deur sy vader verwelkom. (Luk. 15:21). Die Apostel Petrus het hom bekeer en is herstel. (Matt. 26:75). Saulus het tot inkeer gekom en die magtige Apostel Paulus geword. (Hand. 9:1-22).

## Valse bekering

Sommige mense kom tot bekering maar hulle bekering is nie eg nie. Adam het Eva vir hulle sondes beskuldig en Eva het weer die slang beskuldig. Koning Farao het hom bekeer om die oordeel van God vry te spring, maar sy bekering was nie eg nie. (Ex. 9:27; 10:16). Bileam het hom bekeer, maar op die verkeerde weg gebly. (Num. 22:34). Koning Saul het hom bekeer maar wou nog steeds geëer word en het geen berou gehad oor sy sondes nie. (1 Sam. 15:30). Hy het hom die tweede keer bekeer maar sonder die vrugte van die bekering. (1 Sam. 26:21). Judas Iskariot het op 'n valse manier tot bekering gekom. Hy het sy sondes bely voor skynheilige priesters in plaas van voor Jesus vir wie hy verraai het. (Matt. 27:3,4).

Ons moet ons bekeer en ons sondes bely teenoor

wie ons gesondig het. Die verlore seun het ware bekering getoon. Hy het opgestaan, die varke en sy slegte meester verlaat en reguit na sy vader gegaan en gesê: "Vader, ek het gesondig teen die hemel (God) en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie." (Luk. 15:11-24). Hy het niemand anders as net homself beskuldig nie, en het geloof gehad in sy vader se goedheid en liefde.

## Ware bekering

Ware bekering word geken deur sy vrugte en werke. Die vrugte en werke van die geloof kom na vore wanneer 'n sondaar werklik sy sondes verlaat en ware berou oor sy sondes toon. Die dief sal die gesteelde goedere na die regte eienaar bring waar moontlik. Die dronkaard sal sy bier en brandewyn vaarwel toeroep. Die een wat op sy afgode en toordery vertrou het, sal sy afgode en toorgoed verbrand. Die ontroue man of vrou sal die regte verhouding in sy of haar huis herstel en alle sondige verhoudinge verlaat. Saggéüs, die hoof van die tollenaars het Jesus in sy huis ontvang en gesê: "Here, kyk die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." (Luk. 19:8).

Die skrywer weet van honderde sondaars wat, nadat hulle hul bekeer het tot God, alle soorte gesteelde goedere of enigiets wat valslik bekom is, aan hulle regmatige eienaars teruggegee het. Geld, klere, meubels, gereedskap, skape, hoenders, beeste, messe, tabak, kaarte, gelukbringers en medisyne, dobbelstene, dolosse, pistole, ens., ens. is van ontslae geraak. Baie het diegene om vergifnis kom vra teen wie hulle gesondig het en het vrede gevind. Sodoende het baie eienaars van gesteelde goedere ook tot bekering gekom.

Moenie uitstel nie. Gaan nou op jou knieë en stort jou belaste hart uit voor God in bekering. Volgens Sy belofte **sal** Hy jou sondes afwas en jou vrede en die ewige lewe gee.

# Geveinsdheid

Geveinsdheid is 'n nagemaakte geloof wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het. 'n Geveinsde is 'n persoon wat hom anders voorgee as wat hy is en 'n "valse gesig opsit." (2 Tim. 3:5; Matt. 23:13,14). Hy gee voor om 'n regverdige persoon te wees maar leef sondig in die geheim. Hy doen goeie dade om deur die mens gesien en geprys te word. Hy trek 'n dekmantel van geloof aan om sy menigvuldige sondes te bedek. Jesus het die geveinsdes met gewitte grafte vergelyk wat skoon en wit van buite is, maar verrot van binne is. 'n Geveinsde is meer bekommerd oor sy uiterlike voorkoms van reinheid as oor sy innerlike reinheid. 'n Geveinsde bid net tot God in tye van moeilikheid, siekte en gevaar, of wanneer hy iets nodig het; maar wanneer God hom gehelp het en sy moeilikheid verby is, het hy geen gevoel vir God meer nie, neem geen tyd vir gemeenskap met God nie en hou op met bid. Hy is net soos Farao wat tot Moses gebid het en sy sondes sowel as die sondes van sy nasie bely het toe die plae oor Egipte gekom het. Toe die plae ophou, het hy en sy nasie weer hulle harte verhard. (Exod. 9:27-34; 10:16-20). Die geveinsde veroordeel en kritiseer ander mense oor kleinighede, terwyl hulle self aan groter misdade skuldig is. Hulle is vinnig om die splinter in die oog van hulle broer te sien, maar kan nie die balk in hulle eie oog sien nie. (Matt. 7:5). Hulle is baie lief vir uiterlike kerk-seremonies en die handhawing van menslike tradisies, maar hou nie van die geestelike aanbidding tot God nie. (Matt. 15:2,7-9). Die geveinsde hou daarvan om lang gebede te doen voor die mense, maar het in sy binnekamer geen kontak met God nie.

Die sonde van geveinsdheid is baie moeilik om te genees omdat dit baie knap onder die verskillende dekmantels van gelowige bedrywighede verskuil is. Dit veroorsaak dat buitestaanders en heidene die Christelike geloof haat. God haat geveinsdheid met Sy hele hart. Die Profeet Jesaja het gesê: "Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?" Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is." (Jes. 33:14-17). "En elkeen se werk, hoedanig dit is, sal die vuur op proef stel: Wee die geveinsde wat op hooi, hout en stoppels bou wat in die dag van oordeel verbrand sal word." (1 Kor. 3:12-15). Jesus het gesê: "Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is geveinsdheid. En daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie." (Luk. 12:1-3). Die hele hoofstuk van Matt. 23 was geskryf om ons teen die sonde van geveinsdheid te waarsku. Hy het hulle slange en addergeslag genoem en gesê: "Wee julle skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word. Wee julle skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes,

want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid." (Matt. 23:25-28).

In die laaste dae sal die mense afvallig word van die geloof en verleidende geeste en leringe van duiwels aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars. (1 Tim. 4:1,2; 2 Tim. 4:3). Diegene sal nie die veroordeling van die hel vryspring nie.

## Verlossing

Hoe kan ons van hierdie dodelike gif van die geveinsdheid verlos word? Die eerste stap is om God toe te laat om ons deur Sy Gees en Sy Woord te oortuig waar die gees van geveinsdheid ons vasgegryp het. Ware bekering en volle belydenis voor God, en waar nodig, voor mense, is die begin van verlossing van hierdie diepgewortelde sonde.

Ons moet ten volle besef dat die rein, alsiende oog van God elke sonde, wat dit ookal is, kan sien. Ons mag dinge wegsteek vir ander mense en onsself mislei, maar ons kan God nooit mislei nie. Hy ken die gedagtes en planne van die hart en Sy oor kan hoor wat in die geheim gesê word.

Ons moet onthou dat elke gedagte in die hemel spreek. Ons kan nie vir die oog van God wegkruip nie. Daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie en niks versteek wat nie bekend gemaak sal word nie. Die hoop van die geveinsde sal vergaan, omdat 'n geveinsde nie voor hom sal kom nie. Wat is die hoop van die geveinsde as God sy siel wegneem? Sal God hom hoor as moeilikhede hom oorval? Die offers aan God is 'n gebroke gees. " 'n Gebroke en verslae hart sal U, O God, nie verag nie." (Ps 51:19). Daarom kan jy verlossing vind deur nederige bekering en belydenis tot God, en deur om te draai, weg van die lewe van geveinsdheid en 'n getroue Christelike lewe te lei waarin die vrugte van bekering en van die Gees gesien kan word.

## Moenie 'n Vlermuis wees nie



'n Vlermuis lyk soos 'n voël, maar is nie 'n voël nie. Dit lyk ook soos 'n muis en is tog nie 'n muis nie. Dit is nie 'n voël of 'n muis nie. Dit hou meer van die donker as van die lig. Dit is 'n beeld van soveel sogenaamde Christene wat Sondae kerk toe gaan en die res van die week na danse en bioskoopvertonings gaan, dronk word en sonde doen soos die wêreldling. Eendag doen hulle hul voor as Christene; die volgende dag is hulle soos die sondaar van die wêreld en die ongelowige. Hulle tree op soos Christene, maar in hulle harte klou hulle nog vas aan die heidense afgode, stem hulle met die duiwel, wat die god van hierdie wêreld is, saam en doen allerhande soorte van sonde. Hulle probeer om God en Satan te dien. Hulle is soos die vlermuis, nóg die een nóg die ander, en hou meer van die donkerte as van die lig. Moenie 'n vlermuis wees nie. Wees 'n ware Christen. "Was jy tog maar koud of warm," het God gesê. "Maar nou omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug." (Open. 3:15,16).

---

Die gewilde "Hartboek" met sy sterk boodskap van saligheid is in meer as 500 tale verkrygbaar. Talle het reeds Jesus gevind bloot deur die illustrasies te bestudeer.

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

EMAIL: info@angp.co.za
**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**
**POSBUS 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**
('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)
(Reg. No. 1961/001798/08)